# Plaaslike fotograwe se pragfoto's

VANDERBIJLPARK. - Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateur fotograwe, het onlangs sy klubaand met die tema ***Wildlife*** gehou.

Die fokus van hierdie maand-onderwerp is die lewe in die natuur. Lourens Erasmus, 'n 2 Ster-fotograaf, was die wenner van die tema met sy pragtige foto ***The bird and the bee***. Dis nie dikwels dat hierdie soort interaksie vasgevang word nie.

In die ope-afdeling waar enige foto vertoon mag word, was die kompetisie weer eens baie straf.

In die senior-afdeling, (4 Ster en hoër) is Mietsie Visser se ***Verlate Gemsbok*** as die wenfoto aangewys. Die verlatenheid van die woestyn het 'n pragtige atmosferiese foto tot gevolg gehad. In die tweede plek vir seniors was Hennie Karsten se dramatiese ***British Airways on fire*** in strakke teenstelling met die stilte van die gemsbok in die woestyn.

In die junior-afdeling (1 tot 3 Ster) was Rudi Labuschagne (1 Ster-fotograaf) die wenner met haar pragfoto ***Braving the cold.*** In die tweede plek was Vaalweekblad se 3 Ster-fotograaf, Elsje Vermeulen, met ***Out in the Field***.

Monochroom-fotografie wat sy eie uitdagings bied, is deesdae baie gewild. Meester Goud-fotograaf, Francois Roux het gewys waarom hy 'n meester op die gebied is met sy foto ***Wet Road***.

Fotograwe het ook die geleentheid gehad om 'n minireeks wat uit vier tot ses foto's sonder klank bestaan, vir beoordeling aan te bied. Koos Fourie, klubvoorsitter, 'n Meester Brons-fotograaf, het 'n unieke aanbieding gehad waar 'n jakkals 'n duif jag. In die junior-afdeling is Nicky Janse van Vuuren se spookagtige *Night at the Museum* as die wenner aangewys.

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging is geaffilieer by PSSA (Photographic Society of South Africa), die nasionale liggaam wat na die belange van amateur fotograwe in Suid-Afrika omsien. Daar is tans ongeveer 70 fotografieklubs landwyd met 1 700 geaffilieerde lede. PSSA bied elke maand 'n kompetisie vir geaffilieerde klubs aan en die beste foto tydens 'n klubaand word vir hierdie kompetisie ingeskryf.

Klubwenners skryf maandeliks vir hierdie kompetisie in en wenfoto's en ander interessante inligting kan by www.pssa.co.za gevind word.

Die klub kom maandeliks byeen op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor-ouditorium, Vanderbijlpark waar alle fotograwe en ander belangstellendes baie welkom is. Klubaande vind op die derde Vrydagaand van elke maand plaas en begin om 18:30.

Die volgende klub byeenkoms vind plaas op 21 Julie. Julie is die klub se jaareinde byeenkoms waartydens fotograwe die geleentheid het om 10 van hulle beste foto's wat deur die loop van die jaar vir beoordeling aangebied is, weer aan te bied. Wenners word in die verskillende stergraderings aangewys, so ook 'n Junior- en Senior-wenner en 'n Werker van die Jaar.

'n Spesiale kompetisie, die Voorsitterstrofee, maak deel van hierdie aand uit en die tema vir hierdie kompetisie is "Straatfotografie".

Alle belangstellendes is welkom om te kom kyk waarmee hierdie fotograwe vorendag gaan kom.

Die kontakpersoon is Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za

Die klub se opwindende, opgedateerde webtuiste kan by http://www.vdbp-photo.org/ besoek word vir inspirerende foto's en berigte.

Besoek ook hul Facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke en foto's opgelaai word.




**Lourens Erasmus se The Bird and The Bee.**




**Hennie Karstens se British Airways on Fire.**



**Francois Roux se Wet Road.**



**Mietsie Visser se Verlate Gemsbok.**



**Rudi Labuschagne se "Koue Water".**



**Elsje Vermeulen se Out in the Field.**